higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5

(6030175)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate het 10 minute om deur die instruksies en die vraestel te lees voor die aanvang van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INLIGTINGS EN INLIGTING AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	VRAAG 1	PASTEL	80 punte
AFDELING B:	VRAAG 2, 3, 4 en 5	EXCEL	120 punte
GROOTTOTAAL:			200 punte

2. Beantwoord alle vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Gebruik die lettertipe Arial of Calibri 12 vir sigbladvrae.

5. Die tyd wat vir die afhandeling van hierdie vraestel toegeken word, is DRIE uur. Geen ekstra tyd sal toegelaat word vir drukwerk nie.

6. Stoor jou werk gereeld om te voorkom dat jy werk verloor tydens 'n kragonderbreking of as die rekenaar sou breek. Slegs die werklike verlore tyd sal deur die toesighouer bygevoeg word. Geen bykomende tyd sal toegelaat word vir verlore werk nie.

7. Elke antwoord moet op 'n aparte vel papier en slegs aan EEN kant van die papier gedruk word.

8. Rangskik die drukstukke in dieselfde volgorde as dié van die vrae in die vraestel. Punte sal afgetrek word indien drukstukke nie in die regte volgorde is nie.

9. Slegs EEN DRUKSTUK mag per vraag ingegee word. Indien meer as EEN drukstuk van dieselfde vraag ingedien word, sal slegs die eerste drukstuk nagesien word en punte sal afgetrek word vir ekstra drukstukke.

10. Jou EKSAMENNOMMER moet op alle drukstukke gedruk word. Geen drukstukke sonder 'n EKSAMENNOMMER of met 'n handgeskrewe EKSAMENNOMMER sal nagesien word nie. Moenie jou naam en/of van tik nie.

11. Aan die einde van die eksamensessie moet alle drukstukke wat nagesien moet word in die EKSAMENVOUER geplaas word en aan die toesighouer oorhandig word. Geen drukstukke mag uit die eksamenlokaal geneem word nie.

Kopiereg voorbehou

12. Vraestelle mag nie uit die eksamenlokaal geneem word nie, maar moet ingegee word. Die vraestelle kan na afhandeling van alle sessies van die eksamen aan kandidate terugbesorg word.

13. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk of sy/haar werk beskikbaar stel aan 'n ander kandidaat of tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om inligting in welke vorm ook al van 'n ander kandidaat te bekom of aan 'n ander kandidaat oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies, en sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

14. Indien 'n kandidaat tydens die eksamensessie van een rekenaar na 'n ander sou beweeg, moet die toesighouers 'n verslag skryf om die rede vir die verandering te verduidelik. Hierdie verslag moet deur die toesighouer geteken word en in die kandidaat se eksamenvouer ingesluit word. Drukstukke met verskillende watermerke in dieselfde vouer is nie aanvaarbaar nie en sal as 'n onreëlmatigheid hanteer word.

15. Aan die einde van elke eksamensessie moet die toesighouers alle (Pastel Partner- en Excel-) antwoorde van kandidate van die rekenaars/hardeskywe/ netwerk uitvee voordat kandidate vir die volgende sessie in die rekenaarlokaal toegelaat word.

TYDSTOEDELING EN PUNTE (SLUIT DRUKWERK IN)

VRAE	PUNTE	GESKATTE TYD
AFDELING A: PASTEL PARTNER		
VRAAG 1: Verslagskrywing ('Report Writer') en Begrotings	80	70
AFDELING B: MS EXCEL-SIGBLAD		
VRAAG 2: Kosteberekeningstoepassings	30	30
VRAAG 3: Finansiële rekeningkundige toepassings	30	22
VRAAG 4: Ontleding van finansiële state	30	30
VRAAG 5: Finansiële state	30	28
TOTAAL	**200**	**180 minute**

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE INSTRUKSIE VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: PASTEL PARTNER

VRAAG 1

Jy is die senior boekhouer van MTT Catering Services en word versoek om 'n nuwe stel rekeninge te skep met behulp van die PASTEL-program . Moenie die Setup Assistant gebruik nie. ☆



1.1 1.1.1 SKEP 'N NUWE STEL REKENINGE: MTT

Kies *File*, *New* in die kieslysbalk ('menu bar').
Tik MTT in die *New Company Name*-veld.
Kies: *Start New Company* uit die lys metodes.
Klik op die *Create*-knoppie om 'n nuwe maatskappy te skep en kies dan *Set-up your own password* op die *User Security Screen*.

1.1.2 STEL DIE VOLGENDE OP ONDER DIE *SETUP MENU*-OPSIE

MAATSKAPPYPARAMETERS ☆

Klik in die *Name field*, waar *Educational No* verskyn en druk SHIFT+CTRL+T. Tik MTT en jou EKSAMENNOMMER in die *Educational Number*-veld wat op die subskerm verskyn. Ontkies ('deselect') *Use Multi-Currency* op die *Multi-currency*-duimgids ('tab'), klik OK.

1.1.3 REPORT WRITER-KATEGORIEË

Kode	Beskrywing
1	Kapitaal
2	Niebedryfsbates
3	Beleggings
4	Bedryfsbates
5	Verkope
6	Koste van verkope
7	Ander inkomste
8	Uitgawes

☆

1.1.4 TAX en ENTRY TYPES: ☆

ENTRY TYPES: Algemene Joernaal (D)

TAX: General settings, Tax system: DO NOT use tax. Klik op OK.

1.1.5 PERIODS: FINANSIëLE JAAR: 1 April 2021 – 31 Maart 2022

This year periods: Stel slegs periode 1 op: April (01/04/21 tot 30/04/21) en klik op Create.

Last year periods: Stel slegs periode 12 op: Maart (01/03/21 tot 31/03/21) en klik op OK.

1.1.6 Skep die volgende algemenegrootboekrekeninge. Gebruik die gegewe rekeningnommers en koppel elke rekening aan die korrekte finansiële en report writer-kategorie.

☆

REK.NO.	REKENINGBESKRYWING	SALDO'S
		R
5000	Kapitaal	590 083
5100	Teruggehoue verdienste (Skakel met die korrekte report writer-kategorie en B15-teruggehoue-verdienste)	235 545
5200	Onttrekkings	77 106
6000	Grond en geboue	125 879
6100	Voertuie – Netto drawaarde	–
6100/010	Voertuie – Kosprys	100 708
6100/020	Voertuie - Opgehoopte waardevermindering	36 401
7100	Vaste deposito: SB Bank (9%)	50 600
7300	Bank (Dr) (**Moenie met kasboek skakel nie**)	109 100
7400	Handelsrekeningebeheer	65 091
7500	Voorsiening vir kredietverliese	12 625
7800	Voorraad	-
0001	Verkope-inkomste	-
0050	Rente-inkomste	-
1000	Openingsvoorraad	76 710
1050	Voorraadaankope	258 800
1100	Sluitingsvoorraad	-
2000	Kredietverliese	-
2050	Advertensie en promosies	-
2100	Salarisse en lone	-
2200	Water en elektrisiteit	-
2300	Versekering	10 660

☆

1.1.7 Gebruik die algemene joernaal om die saldo's gegee in VRAAG 1.1.6 op 31 Maart 2022, periode 12 van hierdie jaar, te verwerk. Gebruik TY12 as verwysing en Balans as beskrywing. Moenie belasting in hierdie joernaal gebruik nie. Gebruik die tussenrekening ('suspense account'), 9990 as balanseringsrekening, indien nodig.

1.1.8 Bring die algemene joernaal op datum met die algemene grootboek. (Moenie druk nie.)

1.2 1.2.1 Gebruik die Budget Assistant om 'n begroting op te stel vir alle rekeninge op die staat van omvattende inkomste (nominale rekeninge) op 31 Maart 2022, tydperk 12 van hierdie jaar.

1.2.2 Voer die volgende begrote bedrae in:

Verkope-inkomste	R150 290
Rente-inkomste	R5 600
Openingsvoorraad	0
Voorraadaankope	R320 500
Sluitingsvoorraad	0
Kredietverliese	R28 600
Advertensie en promosies	R11 028
Salarisse en lone	R12 800
Water en elektrisiteit	R8 450
Versekering	R12 900

1.2.3 Druk jou begroting vir hierdie jaar. Moenie nul-items druk nie. (11)

1.3 1.3.1 Gebruik die Algemene Joernaal om die volgende aanpassings op 31 Maart 2022, tydperk 12 van hierdie jaar, te joernaliseer. Gebruik J22 as die verwysing vir beide transaksies en verskaf 'n geskikte beskrywing vir elke transaksie.

- Handelsvoorraad op 31 Maart 2022 beloop R40 800 volgens die fisiekevoorraadtelling.
- R Danielson, 'n skuldenaar met 'n uitstaande balans van R2 600, is insolvent verklaar. Skryf die skuld af as onverhaalbaar.

1.3.2 Druk die algemene-joernaal-lot-inskrywings ('General Journal batch listings') van aanpassings met kontras op 31 Maart 2022. (8)

1.3.3 Bring die algemene joernaal op datum met die algemene grootboek.

1.3.4 Druk die proefbalans van MTT Catering Services op 31 Maart 2022.

Wys begrotingsvergelyking – Ja
Sluit openingsaldo's in – Ja
Druk nul-items – Ja
Druk balansstaatrekeninge eerste – Ja

(20)

1.4 1.4.1 Gebruik die Budget Assistant om 'n begroting op te stel vir alle rekeninge op die staat van omvattende inkomste (nominale rekeninge) op 31 Maart 2022, tydperk 12 van volgende jaar.

1.4.2 Kopieer hierdie jaar se begrotings na volgende jaar se begrotings.

1.4.3 Pas al die bedrae met 10% aan.

1.4.4 Moenie afrond nie.

1.4.5 Druk die begroting vir al die nominale rekeninge op 31 Maart 2023, tydperk 12 van volgende jaar. Druk nul-items – Ja

(11)

1.5 1.5.1 Gebruik die Report Writer Assistant om 'n Opsomming van Bates en Eienaar se Ekwiteit ('Summary of Assets and Owner's Equity') te skep. [Skep 'n nuwe verslag van nuuts af]

Gebruik die volgende verslagformaat:

VERSLAGOPSKRIFTE

Lyn 1: OPSOMMING VAN BATES EN EIENAAR SE EKWITEIT
Lyn 2: VIR DIE JAAR GEëINDIG #E
Lyn 3: Tik jou EKSAMENNOMMER

INDEKSBESKRYWING:	MY SFP
VERSLAGTIPE: (U)	Gebruikergedefinieerd
AFRONDING:	Geen afronding nie
NOTAVERWYSINGSKOLOM:	Nee
LAAT STANDAARDOPSKRIFTE UIT:	Nee

Stoor die verslagopskrifte

VERSLAGKOLOMME

KOL	BEDRAG	TIPE	VAN	NA	OPSKRIF 1	OPSKRIF 2
1	Hierdie jaar (T)	Looptyd periodes (R)	-11	0	2022	MAART

Stoor die verslagkolomme

VERSLAGLYNE ☆

SK	PRT	DC	SUP	BESKRYWING	FORMULE	NO.	REK
1	R	D	N	BATES			
1	R	D	N	NIEBEDRYFSBATES	CT02+CT03	1	Voeg by
1	L	D	N		CM02		
1	L	D	N	Ander finansiële bates	CT03	2	Voeg by
1	L	D	N	_SC			
2	R	D	N	BEDRYFSBATES	CT04	3	Voeg by
1	L	D	N		CM04		
1	L	D	N	_XC			
1	R	D	N	TOTALE BATES	CT02+CT03+CT04	1	Voeg by
1	R	D	N	_DC			
3	R	C	N	EIENAAR SE EKWITEIT	CT01	4	Voeg by
1	L	C	N		CB01		
1	L	C	N	_SC			

☆

Stoor die verslaglyne

1.5.2 Gebruik die Report Writer Assistant om die Opsomming van Bates en Eienaar se Ekwiteit van MTT Spysenieringsdienste (geskep in VRAAG 1.5.1 met Indeksbeskrywing My SFP) op 31 Maart 2022 met bedrae te druk.

Wys nullyne – Ja

DRUK HIERDIE VERSLAG IN PASTEL PARTNER.

☆ Moenie enige van die bestaande Pastelverslae druk nie, geen punte sal daarvoor toegeken word nie. Druk jou eie verslag. (15)

1.5.3 Druk die verslagformaat met indeksbeskrywing My SFP. (8)

1.6 1.6.1 Gebruik die Report Writer Assistant om die Opsomming van Bates en Eienaar se Ekwiteit (geskep in VRAAG 1.5.1 met Indeksbeskrywing My SFP) op 31 Maart 2022 met bedrae na 'n Excel-sigblad uit te voer ('export/transfer').

Wys nullyne – Ja

Voer die opskrifte van My SFP uit – Ja ☆

Hierdie verslag moet op 'n EXCEL-SIGBLAD gedruk word.
Moenie enige van die bestaande Pastelverslae druk nie, geen punte sal daarvoor toegeken word nie. Druk jou eie verslag.

Kopiereg voorbehou

1.6.2 Voer die volgende instruksies op die Excel-sigblad uit:

- Pas kolomwydtes aan waar van toepassing.
- Veel kolom B uit ('delete').
- Maak die volgende titels vet:
  Bates, Niebedryfsbates, Bedryfsbates, Totale bates, en Eienaar se ekwiteit.
- Voeg enige netjiese horisontale en vertikale lyne by.
- Formateer alle bedrae as geldeenheid met geen desimale.
- Voeg jou EKSAMENNOMMER links en EXCEL-VERSLAG regs as kopskrif ('header') in.

1.6.3 Vertoon ry- en kolomopskrifte.

1.6.4 Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte op EEN bladsy in portretoriëntasie. (7)

[80]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B: EXCEL-SIGBLAD

VRAAG 2: BASIESE KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE-TOEPASSINGS

Die volgende inligting verskyn op 30 April in die boeke van Mpulo Manufacturers:

GEDEELTELIKE PROEFBALANS SOOS OP 30 APRIL 2022

	R
Advertensies (administratief)	1 785
Bankkostes	580
Koste van goedere vervaardig	83 500
Kredietverliese (slegte skuld)	800
Afleweringskoste van voltooide goedere	300
Waardevermindering op fabrieksbates	3 800
Direkte arbeid	22 000
Elektrisiteit (75% administrasie)	16 800
Klaar goedere - Inventaris (30 April 2022)	26 100
Klaar goedere - Inventaris (1 Mei 2021)	37 400
Indirekte arbeid	5 000
Verlies op verkope van kantooruitrusting	2 600
Inkomste uit kantoorhuur	2 000
Eiendomsbelasting (30% gebruik in die fabriek)	12 500
Huur betaal (65% gebruik in die fabriek)	190 000
Herstelwerk (50% gebruik in die fabriek)	2 350
Inkomste uit verkope (voltooide goedere)	195 000
Teruggestuur op verkoopsinkomste (voltooide goedere)	2 500
Telefoon (20% gebruik in die fabriek)	1 550

INSTRUKSIES:

2.1 Gebruik die gegewe inligting om die staat van omvattende inkomste op vervaardiging vir die jaar geëindig 30 April 2022 voor te berei, met die volgende duidelik daarop aangedui: ☆

- Bruto wins (toon die berekening van die koste van voltooide goedere)
- Bruto inkomste
- Bedryfsuitgawes
- Netto wins/verlies

2.2 Vertoon die hoofopskrif in vetdruk en vergroot die lettergrootte tot 14.

2.3 Gebruik die toepaslike sigbladformules om berekeninge uit te voer. Vertoon alle bedrae as geldeenheid sonder desimale.

2.4 Voeg enige netjiese horisontale en vertikale lyne by.

2.5 Voeg as 'n voetskrif ('footer') jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 2 (regs belyn) in. ☆


2.6 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretoriëntasie en stoor as VRAAG 2.

[30]

VRAAG 3: FINANSIëLE REKENINGKUNDIGE TOEPASSINGS

Die volgende voorraaddata vir itemkode HH-1 (hoëhakskoene) verskyn in die boeke van Moosa's Boutique vir die maand geëindig 31 Augustus 2021:

☆



Daar was 52 pare hoëhakskoene @ R599 elk in voorraad op 1 Augustus 2021.

DATUM	HOEVEELHEID	EENHEIDSPRYS	TRANSAKSIEBESONDERHEDE
06 Augustus	29	R499,95	Aankope
09 Augustus	19	R699,99	Verkope
13 Augustus	55	R899,95	Aankope
15 Augustus	36	R1 200,00	Aankope
24 Augustus	42	R1 800,00	Verkope
31 Augustus	26	R3 200,00	Verkope

☆

INSTRUKSIES:

3.1 Gebruik die gegewe inligting om 'n voorraadwaardasieblad ('Inventory Valuation Sheet') saam te stel met behulp van die geweegdegemiddelde-waardasiemetode om die waarde van voorraad op 31 Augustus 2021 te bepaal.

3.2 Gebruik die volgende kolomopskrifte:

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	**Voorraadwaardasieblad (geweegde gemiddeld) van Moosa's Boutique – 31 Augustus 2021**							
2								
3	**DATUM**	**HOEVEELHEID**			**EENHEIDS-PRYS**	**KOSPRYS**		
4		**AANKOPE**	**VERKOPE**	**VOOR HANDE**		**AANKOPE**	**VERKOPE**	**VOOR HANDE**

3.3 Vertoon die hoofopskrif, vet, gesentreer oor kolomme (A-H) en stel die lettergrootte op 14.

3.4 Gebruik die toepaslike formules om hoeveelhede en kosprys te bereken.

3.5 Vertoon alle bedrae as geldeenheid, geen desimale, en alle hoeveelhede as heelgetalle.

3.6 Voeg horisontale en vertikale lyne in om die kwaliteit van jou werk te verbeter.

3.7 Voeg jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 3 regs as kopskrif ('header') in.

3.8 Druk die sigblad op EEN bladsy in landskaporiëntasie en stoor as VRAAG 3.

[30]

VRAAG 4: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE

Die volgende rekeningbalanse is onttrek uit die finansiële state van Nicole Jewellers vir die finansiële jaar wat op 31 Oktober geëindig het. Die entiteit gebruik 'n periodieke voorraadstelsel.



	2021	2022
Netto verkoopsinkomste (70% krediet)	R211 800	R308 400
Openingsvoorraad	R38 600	R46 900
Voorraadaankope (15% kontant)	R127 700	R132 180
Sluitingsvoorraad	R46 900	R82 500
Ander inkomste	R2 050	R3 155
Bedryfsuitgawes	R89 500	R77 300
Handelsrekeninge ontvangbaar ('Trade receivables')	R45 000	R50 000
Gemiddelde handelskrediteure ('trade payables')	R58 600	R60 310

INSTRUKSIES:

4.1 Gebruik bogenoemde inligting om die volgende te bereken vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2022.

4.1.1 Handelsontvangbares-invorderingsperiode (dae sonder desimale). (7)

4.1.2 Betalingsperiode vir handelskrediteure (maande, geen desimale) (5)

4.1.3 Voorraadomsetkoers (geen desimale) (7)

4.1.4 Bruto winspersentasie (vertoon antwoord as % met 1 desimaal) (5)

4.1.5 Netto winspersentasie (vertoon antwoord as heelgetal). (5)

4.2 Begin elke berekening met 'n toepaslike rekeningkundige formule. Wys alle berekeninge. Punte sal vir elke berekening toegeken word.

4.3 Laat oop rye tussen die berekeninge.

4.4 Voeg jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 4 regs as kopskrif ('header') in. (1)

4.5 Voeg enige netjiese kantlyne in om die voorkoms van jou werk te verbeter.

4.6 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretoriëntasie en stoor as VRAAG 4.

[30]

VRAAG 5: FINANSIËLESTAATTOEPASSINGS

Die volgende inligting het op 30 April 2022 in die boeke van Baliyen's Factory Shop verskyn. Die onderneming het 'n lening nodig om 'n nuwe fabriekswinkel in Northdale, Pietermaritzburg, oop te maak. Die bank benodig 'n onlangse kontantvloeistaat. ☆

GEDEELTELIKE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE OP 30 APRIL

	2021	2022
Verkope-inkomste	R272 000	R385 000
Rente-inkomste	R12 200	R8 700
Rente-uitgawes	R6 780	R9 000
Waardevermindering	R15 300	R26 800
Verlies op verkoop van voertuig	R2 100	R3 875
Huurinkomste	R1 800	R2 680
Netto wins	R100 500	R125 900

GEDEELTELIKE STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE OP 30 APRIL

☆	2021	2022
Kapitaal	R198 000	R260 000
Onttrekkings	6 900	R10 200
Langtermynlening: RMC Bank	R128 000	R83 000
Belegging: JFG Bank	R76 000	R88 000
Motorvoertuie	R55 000	R63 400
Kantoortoerusting	R45 000	R68 000
Kontant	(R20 950)	R35 800
Voorraad	R12 000	R20 100
Handelskrediteure	R18 980	R22 800
Handelsrekeninge ontvangbaar ('Trade receivables')	R39 700	R40 000

INSTRUKSIES:

5.1 Stel slegs die kontanteffekte van bedryfsaktiwiteite-afdeling van die Staat van kontantvloei vir die jaar geëindig 30 April 2022 saam. (7)

5.2 Wys die volgende notas by die staat van kontantvloei.

5.2.1 Kontant ontvang van klante (3)

5.2.2 Kontant betaal aan verskaffers en werknemers (10)

5.2.3 Rekonsiliasie van wins ☆ (9)

5.3 Voeg netjiese lyne in en vertoon alle bedrae as geldeenheid sonder desimale. (1)

5.4 Voeg jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 5 regs as kopskrif ('header') in.

5.5 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretoriëntasie en stoor as VRAAG 5.

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou